

Provinsiale Koerant

Provincial Gazette

5288

5288

Vrydag, 25 September 1998

Friday, 25 September 1998

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

INHOUD

CONTENTS

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 4-94, Provinsiale-gebou, Waalstraat, Kaapstad 8001.)

(*Reprints are obtainable at Room 4-94, Provincial Building, Wale Street, Cape Town 8001.)

No.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
519	Montagu Oorgangsraad: Wysiging van die standaard-verordening insake personeelverlof 2070
518	Velddrif, munisipaliteit: Wysiging van Skemaregulasies .. 2070
520	Piketberg, munisipaliteit: Herroeping van verordening 2071
521	Piketberg, munisipaliteit: Swembadverordening 2073
522	Piketberg, munisipaliteit: Addisionele begraafplaas-verordening 2076
523	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake bouvallige geboue en onooglike en aanstootlike strukture 2075
524	Piketberg, munisipaliteit: Verordening vir die beheer van honde 2076
525	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake taxis 2079
526	Piketberg, munisipaliteit: Verordening vir die voorkoming van oorlaste 2081
527	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die aanhou van bye 2085
528	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die parkering van sleepbote, sleepwaens, bote of enige sleep-of seiltoerusting op onbeboude grond 2086
529	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die verwydering en wegdoen van vullis 2086
530	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake sanitasie 2090
531	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die verspreiding van strooibiljette 2093
532	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die beheer van straat en huis tot huis kollektes 2093
533	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake winkeltrullies . 2095
534	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake die parkering van swaar voertuie, woonwaens en sleepwaens 2096
535	Piketberg, munisipaliteit: Addisionele waterverordening .. 2096
536	Piketberg, munisipaliteit: Verordening insake elektrisiteitsvoorsiening 2098
537	Piketberg, munisipaliteit: Rioleringsverordening 2100
538	Paarl, munisipaliteit: Opheffing van beperkings 2102
539	Padverkeerswet, 1989 2084

No.	Page
Provincial Notices	
519	Montagu Transitional Council: Amendment of the standard staff leave by-law 2070
518	Velddrif Municipality: Amendment of Scheme Regulations 2070
520	Piketberg Municipality: Repeal of by-laws 2071
521	Piketberg Municipality: Swimming bath by-law 2073
522	Piketberg Municipality: Additional cemetery by-law 2076
523	Piketberg Municipality: By-law relating to dilapidated buildings and unsightly and objectionable structures 2075
524	Piketberg Municipality: By-law for the control of dogs ... 2076
525	Piketberg Municipality: By-law relating to taxis 2079
526	Piketberg Municipality: By-law for the prevention of nuisances 2081
527	Piketberg Municipality: By-law relating to the keeping of bees 2085
528	Piketberg Municipality: By-law relating to vessels, trailers, boats or any towing or sailing equipment on vacant land . 2086
529	Piketberg Municipality: By-law relating to refuse removal and disposal 2086
530	Piketberg Municipality: By-law relating to sanitation 2090
531	Piketberg Municipality: By-law relating to the distribution of handbills 2093
532	Piketberg Municipality: By-law relating to the control of street and door to door collections 2093
533	Piketberg Municipality: By-law relating to the shop trolleys 2095
534	Piketberg Municipality: By-law relating to the parking of heavy vehicles, caravans and trailers 2096
535	Piketberg Municipality: Additional water by-law 2096
536	Piketberg Municipality: Electricity supply by-law 2098
537	Piketberg Municipality: Drainage by-law 2100
538	Paarl Municipality: Removal of restrictions 2102
539	Road Traffic Act, 1989 2084

Opheffing van beperkings in dorpe

Removal of restrictions in townships

Aansoek: 2102

Applications: 2102

Tenders

Tenders

Kennisgewings 2104

Notices 2104

Plaaslike Owerhede

Local Authorities

Blaauwberg, munisipaliteit: Hersonerig 2105
Breërivier Distriksraad: Hersonerig 2105
Groot-Brakrivier, munisipaliteit: Wysiging van Soneringskema-regulasies 2109

Blaauwberg Municipality: Rezoning 2105
Breede River District Council: Rezoning 2105
City of Cape Town: Closure of street 2105
City of Cape Town: Rezoning 2106

(Vervolg op bladsy 2120)

(Continued on page 2120)

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

L. D. BARNARD,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 518/1998

25 September 1998

MUNISIPALITEIT VELDDRIF:**KENNISGEWING****WYSIGING VAN SKEMAREGULASIES**

Ingevolge artikel 9(2) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie Nr. 15 van 1985), wysig ek, Jacobus Wouter Henry Meiring, Minister van Beplanning, Kultuur en Administrasie die Soneringskema van die Munisipaliteit Velddrif deur die invoeging van regulasies met betrekking op Spesiale Sone: Subzone 2:

VELDDRIF: SPESIALE SONE: SUBZONE 2

Deur die skraping van die begrip "korttermyn" by die woordomskrywing van "vakansie-akkommodasie" om as volg te lees:

1. Woordomskrywings

1.3 "vakansie-akkommodasie" beteken 'n harmonieuse ontwerpte en geboude vakansie-ontwikkeling in 'n unieke natuurlike omgewing met 'n informele gegroepeerde uitleg wat die voorsiening van 'n kampeerterrein, mobiele wonings of wooneenhede, hetsy in openbare of private besit, kan insluit, wat 'n enkele bedryf behels en wat slegs deur middel van verhuring of tydsdeling bemark kan word, maar omvat nie 'n hotel of motel nie.

Deur die invoeging van 'n afdeling "verhuringstermyn" onder die Grondgebruikbeperkings:

3. Grondgebruikbeperkings**3.2 Verhuringstermyn: Korttermynverhuring.**

P.K. 519/1998

25 September 1998.

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging opgestel deur die Munisipale Raad van Montagu.

OORGANGSRAAD VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN MONTAGU:**WYSIGING VAN DIE STANDAARDVERORDENING INSAKE PERSONEELVERLOF**

Die Standaardverordening insake Personeelverlof, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 62 van 28 Januarie 1966, soos gewysig, en aangeneem deur die voormalige Munisipale Raad van Montagu by Provinsiale Kennisgewing 341 van 21 April 1967, word hierby gewysig vir sover dit op die Oorgangsraad van die Munisipaliteit van Montagu van toepassing is deur artikel 13 deur die volgende artikel te vervang:

"Omsetting in kontant van sekere vakansieverlof

13. 'n Werknemer kan een maal per boekjaar vakansieverlof wat hy/sy te goed het in kontant omskakel onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- (a) 'n minimum van tien (10) dae moet per geleentheid omskakel word;
- (b) nadat verlof in kontant omskakel is moet die werknemer nog ten minste tien (10) dae vakansieverlof te goed hê;
- (c) dat kontant-omskakeling van verlof soos in 13(a) voorsien slegs kan geskied indien daar in die betrokke boekjaar in die Raad se bedryfsbegroting daarvoor voorsiening gemaak is."

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

L. D. BARNARD,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 518/1998

25 September 1998

VELDDRIF MUNICIPALITY**NOTICE****AMENDMENT OF SCHEME REGULATIONS**

In terms of section 9(2) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance No. 15 of 1985), I, Jacobus Wouter Henry Meiring, Minister of Planning, Culture and Administration hereby amends the Zoning Scheme of Velddrif Municipality with the inclusion of regulations relating to Special Zone: Subzone 2:

VELDDRIF: SPECIAL ZONE: SUBZONE 2

By the deletion of the term "short-term" from the definition of "holiday accommodation" to read as follows:

1. Definitions

1.1 "holiday accommodation" means a harmoniously designed and built holiday development in a unique natural environment with an informal clustered layout which may include the provision of a camping site, mobile homes or dwelling units, whether in private or public ownership, which comprises a single enterprise and which shall only be marketed by means of renting or sharing, but does not include a hotel or motel.

By the insertion of a section "Renting terms" under the Land Use restrictions:

3. Land use restrictions.**3.2 Renting terms: Short-term renting.**

P.N. 519/1998

25 September 1998

The Premier has approved the subjoined amendment framed by the Municipal Council of Montagu.

TRANSITIONAL COUNCIL OF THE MUNICIPALITY OF MONTAGU:**AMENDMENT TO THE STANDARD STAFF LEAVE BY-LAW**

The Standard Staff Leave By-Law, published under Provincial Notice 62 dated 28 January 1966, as amended, and adopted by the former Municipal Council of Montagu under Provincial Notice 341 dated 21 April 1967, is hereby amended, in so far as it applies to the Transitional Council of the Municipality of Montagu, by the substitution for section 13 of the following section:

"Conversion into cash of certain vacation leave

13. An employee may once per year convert any vacation leave standing to his/her credit into cash, subject to the following conditions:

- (a) a minimum of ten (10) days shall be converted per occasion;
- (b) after vacation leave has been converted into cash, an employee shall have at least ten (10) days to his/her credit;
- (c) that cash reversals of leave as provided for in 13(a) may only take place if provision was made for it in the Council's operating budget for the book year in question."

PK.520/1998

25 September 1998

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

HERROEPING VAN VERORDENINGE

Die Premier het dit goedgekeur dat die Munisipale Raad van Piketberg die verordeninge soos in die Bylae hiertoe vermeld, van die voormalige Munisipaliteite van Piketberg en Eendekuil, die voormalige Plaaslike Raad van Elandsbaai en die voormalige Afdelingsraad van die Swartland in soverre dit van toepassing was op die voormalige Plaaslike gebied van Elandsbaai, herroep:

BYLAE

Voormalige Munisipaliteit van Piketberg

Algemene reeks regulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 258 van 31 Julie 1918, soos gewysig.

Addisionele water- en weiregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 218 van 2 Mei 1929, soos gewysig.

Addisionele bioskoop- en bouregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 522 van 14 November 1929.

Addisionele regulasies betreffende rottingsriole en petrolpomp en tenks, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 504 van 8 Desember 1932, soos gewysig.

Regulasies vir aanwysing en beheer van "stop"-strate, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 313 van 6 Julie 1939.

Fietsregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 609 van 19 Desember 1940.

Slagpaalregulasies en regulasies insake slagterswinkels, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 340 van 22 Julie 1948, soos gewysig.

Regulasies insake bouvallige geboue en onooglike en aanstootlike strukture, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 838 van 27 Oktober 1961.

Regulasies insake die voorkoming van brande, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 578 van 14 Augustus 1964.

Addisionele regulasies insake die aanhou van diere, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 579 van 14 Augustus 1964, soos gewysig.

Addisionele bouregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 432 van 21 Junie 1968, soos gewysig.

Regulasies insake die parkering van swaar voertuie en woonwaens, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 676 van 10 Augustus 1973.

Verordening insake toesighouding oor en die lisensiering van die opberging, aanhouding en inbesithouding van vloeibare petroleumgas, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 1179 van 21 November 1975.

Verordening insake die groei van gras en plantegroei op persele, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 1180 van 21 November 1975.

Swembadverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 1007 van 29 Oktober 1976.

Addisionele begraafplaasverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 374 van 11 Maart 1977, soos gewysig.

Verordening vir die beheer van honde, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 237 van 3 Maart 1978.

Verordening vir die voorkoming van oorlaste, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 690 van 14 Julie 1978.

Verordening insake die aanhou van bye, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 574 van 17 Augustus 1979.

Verordening insake die omheining van private swembaddens, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 776 van 18 Desember 1981.

P.N.520/1998

25 September 1998

PIKETBERG MUNICIPALITY:

REPEAL OF BY-LAWS

The Premier has approved the repeal of the by-laws of the former Municipalities of Piketberg and Eendekuil, the former Local Council of Elands Bay and the former Swartland Divisional Council in as far as they were applicable on the former Local Area of Elands Bay, as listed in the Schedule hereto:

SCHEDULE

Former Municipality of Piketberg

General series regulations, promulgated under Provincial Notice 258 dated 31 July 1918, as amended.

Additional water and grazing regulations, promulgated under Provincial Notice 218 dated 2 May 1929, as amended.

Additional bioscope and building regulations, promulgated under Provincial Notice 522 dated 14 November 1929.

Additional regulations re septic tanks and petrol pump and tanks, promulgated under Provincial Notice 504 dated 8 December 1932, as amended.

Regulations for the establishment and control of "Stop"-streets, promulgated under Provincial Notice 313 dated 6 July 1939.

Bicycle regulations, promulgated under Provincial Notice 609 dated 19 December 1940.

Abattoir regulations and regulations relating to butchers' shops, promulgated under Provincial Notice 340 dated 22 July 1948, as amended.

Regulations relating to dilapidated buildings and unsightly and objectionable structures, promulgated under Provincial Notice 838 dated 27 October 1961.

Regulations relating to the prevention of fires, promulgated under Provincial Notice 578 dated 14 August 1964.

Additional regulations relating to the keeping of animals, promulgated under Provincial Notice 579 dated 14 August 1964, as amended.

Additional building regulations, promulgated under Provincial Notice 432 dated 21 June 1968, as amended.

Regulations relating to the parking of heavy vehicles and caravans, promulgated under Provincial Notice 676 dated 10 August 1973.

By-law for controlling and licencing the storage, keeping and having of liquified petroleum gas, promulgated under Provincial Notice 1179 dated 21 November 1975.

By-law relating to the growth of grass and vegetation on premises, promulgated under Provincial Notice 1180 dated 21 November 1975.

Swimming bath by-law, promulgated under Provincial Notice 1007 dated 29 October 1976.

Additional cemetery by-law, promulgated under Provincial Notice 374 dated 11 March 1977, as amended.

By-law for the control of dogs, promulgated under Provincial Notice 237 dated 3 March 1978.

By-law for the prevention of nuisances, promulgated under Provincial Notice 690 dated 14 July 1978.

By-law relating to the keeping of bees, promulgated under Provincial Notice 574 dated 17 August 1979.

By-law relating to the fencing of private swimming pools, promulgated under Provincial Notice 776 dated 18 December 1981.

Addisionele waterverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 761 van 16 November 1984, soos gewysig.

Addisionele verordening insake elektrisiteitsvoorsiening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 783 van 23 November 1984, soos gewysig.

Addisionele rioleringsverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 826 van 7 Desember 1984, soos gewysig.

Verordeninge vir die bestuur van en beheer oor persele wat deur die Raad voorsien word, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 714 van 11 Oktober 1985, soos gewysig.

Verordening insake die beheer oor grensmure en heinings op straatgrense en openbare oop ruimtes, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 61 van 22 Januarie 1988, soos gewysig.

Verordening insake huisvuilis, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 697 van 27 September 1991.

Taxiverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 311 van 7 Julie 1995.

Voormalige Munisipaliteit van Eendekuil

Hondebelaastingregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 827 van 17 Desember 1965.

Bouregulasies, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 665 van 18 Augustus 1967, soos gewysig.

Addisionele regulasies insake sanitasie, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 325 van 24 April 1970.

Verordening insake die aanhou van diere, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 272 van 29 Februarie 1980.

Addisionele waterverordening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 794 van 24 Oktober 1980.

Verordening insake elektrisiteitsvoorsiening, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 784 van 23 Desember 1983.

Addisionele waterverordeninge, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 428 van 21 Junie 1985.

Verordening vir die voorkoming van oorlaste, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 587 van 8 Julie 1988.

Voormalige Plaaslike Raad van Elandsbaai

Verordening insake die aanhou van honde, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 276 van 22 April 1994.

Verordeninge afgekondig deur die voormalige Afdelingsraad van die Swartland in soverre dit van toepassing was op die voormalige Plaaslike Gebied van Elandsbaai

Addisionele verordening insake elektrisiteit vir die plaaslike gebied Elandsbaai, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 511 van 24 Julie 1981.

Verordening insake die parkering van swaar voertuie, woonwaens en sleepwaens binne die plaaslike gebiede Yzerfontein, Dwarskersbos en Elandsbaai, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 569 van 16 Augustus 1985.

Verordening insake die parkering van sleepbote, sleepwaens, bote of enige sleep- of seiltoerusting op onbeboude grond binne die plaaslike gebiede van Yzerfontein, Dwarskersbos en Elandsbaai, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 1061 van 9 Desember 1988.

Addisionele waterverordening vir die plaaslike gebied Elandsbaai, afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 406 van 12 Mei 1989.

Additional water by-law, promulgated under Provincial Notice 761 dated 16 November 1984, as amended.

Additional electricity supply by-law, promulgated under Provincial Notice 783 dated 23 November 1984, as amended.

Additional sewerage by-law, promulgated under Provincial Notice 826 dated 7 December 1984, as amended.

By-law for the management and control of premises provided by the Council, promulgated under Provincial Notice 714 dated 11 October 1985, as amended.

By-law relating to the control of boundary walls and fences on street boundaries and public open spaces, promulgated under Provincial Notice 61 dated 22 January 1988, as amended.

By-law relating to domestic refuse, promulgated under Provincial Notice 697 dated 27 September 1991.

Taxi by-law, promulgated under Provincial Notice 311 dated 7 July 1995.

Former Municipality of Eendekuil

Dog tax regulations, promulgated under Provincial Notice 827 dated 17 December 1965.

Building regulations, promulgated under Provincial Notice 665 dated 18 August 1967, as amended.

Additional sanitary regulations, promulgated under Provincial Notice 325 dated 24 April 1970.

By-law relating to the keeping of animals, promulgated under Provincial Notice 272 dated 29 February 1980.

Additional water by-law, promulgated under Provincial Notice 794 dated 24 October 1980.

Electricity supply by-law, promulgated under Provincial Notice 784 dated 23 December 1983.

Additional water by-law, promulgated under Provincial Notice 428 dated 21 June 1985.

By-law for the prevention of nuisances, promulgated under Provincial Notice 587 dated 8 July 1988.

Former Local Council of Elands Bay

By-law relating to the keeping of dogs, promulgated under Provincial Notice 276 dated 22 April 1994.

By-laws promulgated by the former Swartland Divisional Council to be repealed in as far as they were applicable on the former Local Area of Elands Bay

Additional electricity supply by-law for the local area of Elands Bay promulgated under Provincial Notice 511 dated 24 July 1981.

By-law relating to the parking of heavy vehicles, caravans and trailers within the local areas of Yzerfontein, Dwarskersbos and Elands Bay promulgated under Provincial Notice 569 dated 16 August 1985.

By-law relating to the parking of towing vessels, trailers, boats or any towing or sailing equipment on vacant land within the local areas of Yzerfontein, promulgated under Provincial Notice 1061 dated 9 December 1988.

Additional water-by-laws for the local area of Elands Bay, promulgated under Provincial Notice 406 dated 12 May 1989.

P.K.521/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring gegee aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

SWEMBADVERORDENING

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—

“bad” ’n swembad wat aan die Raad behoort of onder sy wettige bestuur of beheer is en wat vir gebruik deur die publiek beskikbaar is, en omvat dit alle kleedkamers, baaihokkies en ander geriewe wat in verband daarmee gebruik word;

“raad” die Munisipale Raad van Piketberg;

“superintendent” die werknemer van die raad wat in beheer van ’n bad is.

2. (1) Niemand behalwe die superintendent of ander munisipale werknemer of die huurder van die restaurant of ’n werknemer van die huurder in die loop van sy pligte, of ’n munisipale raadslid wat wettig namens die raad optree, mag ’n bad binnegaan nie en niemand mag in die swembad, duikpoel of kinderbad, wat daarin is, baai nie, behalwe op die dae en tye en op die voorwaardes wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

(2) ’n Kennisgewing wat die dae en tye vermeld wanneer ’n bad gewoonlik vir die publiek toeganklik is, moet deur die raad in ’n opvallende plek by of naby die ingang daartoe aangebring word.

(3) Ondanks die vasstelling deur die raad van die dae en tye wanneer ’n bad gewoonlik toeganklik is, soos in hierdie verordening bepaal, kan die raad ’n bad vir ’n bepaalde tyd en doel gedurende die gewone baaityd vir die publiek sluit; met dié verstande dat ’n kennisgewing te dien effekte op dieselfde plek opgeplak word as die kennisgewing in subartikel (2) vermeld. Wanneer ’n bad vir die hou van ’n swemgala of vir die uitsluitlike gebruik van ’n swemklub, skool of ander organisasie vir die publiek gesluit is, kan aan die publiek as toeskouers of baaiers toegang tot die bad verleen word en wel ooreenkomstig die voorwaardes en toegangsvoorwaardes wat die organiseerders van sodanige swemgala, swemklub, skool of ander organisasie met die raad se goedkeuring bepaal.

3. Niemand mag ’n bad binnegaan gedurende die tye wanneer dit oop is nie, tensy hy eers ’n toegangskaartjie of -koepon verkry het en ten opsigte van sodanige kaartjie of koepon die betrokke geld betaal het.

4. (1) Die raad verskaf by ’n bad die kleedkamers of baaihokkies wat hy nodig ag en waarin persone wat die bad vir baaidoeleindes besoek, hul gewone klere moet uittrek en baaiklere moet aantrek, en omgekeerd. Die raad verskaf ook die sanitêre en ander geriewe wat hy nodig ag.

(2) Asonderlike kleedkamers of baaihokkies, sanitêre en ander geriewe moet vir beide geslagte verskaf word en kennisgewings waarin die geslag vermeld word wat geregtig is om die onderskeie kleedkamers of baaihokkies, sanitêre of ander geriewe, te gebruik, moet aangebring word. Niemand mag enige sodanige kleedkamers of baaihokkies of ander akkommodasie wat vir gebruik deur die teenoorgestelde geslag aangewys of afgesonder is, binnegaan nie.

(3) Die raad kan geriewe verskaf vir die inlewering deur persone wat die bad besoek van artikels of pakkies vir veilige bewaring vir die tydperk van sodanige besoek. Iedereen wat ’n artikel of pakkie in bewaring wil gee, moet sodanige artikel of pakkie inlewer by die werknemer van die raad wat gemagtig is om dit te ontvang, op die plek wat vir die doeleindes van voornoemde geriewe opsy gesit is.

(4) Niemand mag enige ander kleedkamer of baaihokkie as dié wat die superintendent hom aangewys het, gebruik nie en niemand mag in ’n kleedkamer of baaihokkie wat reeds beset is, gaan of probeer gaan nie sonder die toestemming van die okkupeerder of die superintendent nie. Niemand mag ’n kleedkamer of baaihokkie vir ’n langer tydperk as dié wat deur die superintendent bepaal is, beset of gebruik nie; ook mag niemand in sodanige kleedkamers of baaihokkies of in die ingange of gange wat daartoe lei, rondslinger na verstryking van die tydperk van

P.N.521/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

SWIMMING BATH BY-LAW

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—

“bath” means any swimming bath owned by or under the lawful management or control of the council and available for use by the public, and includes all dressing rooms, cubicles, and other facilities used in connection therewith;

“council” means the Municipal Council of Piketberg;

“superintendent” means the employee of the council who is in charge of a bath.

2. (1) No person other than the superintendent or other municipal employee or the lessee of the restaurant or an employee of the lessee in the course of his duties, or a municipal councillor acting lawfully on behalf of the council, shall enter a bath, nor shall any person bathe in the swimming bath, diving pool or children's bath contained therein, except on such days and at such times and on such conditions as shall be laid down by the Council from time to time.

(2) A notice setting forth the days and hours during which a bath shall normally be open to the public, shall be posted by the council in a prominent place at or near the entrance thereto.

(3) Notwithstanding the fixing by the council of the days and hours of normal opening as provided in this by-law the council may close a bath to the public for a specified time and purpose during the open hours; provided that a notice to that effect is posted at the same place as the notice referred to in subsection (2). When a bath is closed to the public to enable a swimming gala to be held or for the exclusive use of a swimming club, school or other organisation the public may be admitted as spectators or bathers under such conditions and terms of admission as shall be determined by the organisers of such swimming gala, swimming club, school or other organisation with the approval of the council.

3. No person shall enter a bath during the open hours, unless he shall first have obtained a ticket or coupon of admission, and in respect of such ticket or coupon shall have paid the relative charge.

4. (1) The council shall provide at a bath such dressing rooms or cubicles as it may deem necessary in which persons attending for the purposes of bathing shall change from their ordinary clothes into bathing costumes and vice versa. The council shall also provide such sanitary conveniences and other facilities as it may deem necessary.

(2) Separate dressing rooms or cubicles, sanitary conveniences and other facilities shall be provided for both sexes and notices shall be erected stating the sex which shall be entitled to use the respective dressing rooms or cubicles, sanitary conveniences or other facilities. No person shall enter any such dressing rooms or cubicles or other accommodation which shall have been appropriated or set apart for the use of the opposite sex.

(3) The council may provide facilities for the deposit by persons attending the bath or cubicles or packages for safe keeping for the period of such attendance. Any person desiring to deposit any article or package, shall deliver such article or package to the employee of the council authorised to receive such deposit at the place set aside for the purpose of the facilities aforesaid.

(4) No person shall use any dressing room or cubicle other than which may be indicated to him by the superintendent and no person shall without the consent of the occupier or the superintendent enter or seek to enter any dressing room or cubicle which is already occupied. No person shall occupy or use any dressing room or cubicle for a longer period than that determined by the superintendent, nor shall any person loiter in such dressing room or cubicle or in the doorways or passages leading thereto after the expiration of the period of occupation or use as determined by the

okkupasie of gebruik soos deur die superintendent bepaal nie. Niemand mag op geweldadige of ander onbehoorlike wyse probeer om toegang tot enige kleedkamer of baaihokkie te verkry nie.

(5) Niemand mag, nadat hy in 'n kleedkamer of baaihokkie sy gewone klere uitgetrek en sy swempak aangetrek het, die kleedkamer of baaihokkie verlaat ten einde te gaan baai sonder dat hy eers behoorlik en genoegsaam gewas het onder die stortbaddens wat vir dié doel verskaf word nie. Niemand mag seep in die bad, duikpoel of kinderbad gebruik, of die water in sodanige poel of baddens moedswillig verontreinig of besoedel, of in of op enige gedeelte van sodanige poel of baddens of geboue of omheinings spuug nie.

5. Niemand mag in die bad baai nie, tensy hy of sy betaamlik en voldoende in 'n swempak geklee is, ook mag niemand op enige plek by 'n bad wat deur die publiek gesien kan word, verskyn nie, tensy hy of sy of so 'n swempak dra of andersins behoorlik en fatsoenlik geklee is. Die superintendent besit die reg om enigeen wat na sy mening die bepalings van hierdie verordening oortree, te gelas om 'n bad onmiddellik te verlaat sonder terugbetaling van die geld betaal vir toegang daartoe; met dien verstande dat hierdie stap so iemand nie vrystel van blootstelling aan die straf wat vir 'n oortreding van hierdie verordening bepaal word nie.

6. Niemand mag by 'n bad—

(a) enige kleedkamer, baaihokkie, sanitêre gerief, heining of ander deel van 'n bad beskadig of skend nie;

(b) 'n oorlas veroorsaak of op 'n muur of ander deel van 'n bad skryf of krap nie;

(c) enige vullis of rommel gooi of plaas nie, behalwe in die houers wat vir dié doel verskaf word;

(d) enige meubels, toebehore, handdoek, swempak of ander artikel of ding wat by 'n bad behoort of daar gebruik word en wat die eiendom van die Raad is, verwyder, wegneem; afgooi, beskadig of vernietig nie;

(e) deur wanordelike of onbehoorlike gedrag iemand anders steur nie, beseer of molesteer of 'n superintendent by die uitvoering van sy pligte hinder nie, en niemand mag enige onkiese, beledigende of godslasterlike taal besig of hom op 'n onbetaamlike of aanstootlike wyse gedra nie.

7. Niemand wat onder die invloed van drank of dagga is of van wie die superintendent op redelike gronde vermoed dat hy in so 'n toestand verkeer, word tot 'n bad toegelaat nie. Indien so iemand per abuis toegelaat is, moet so 'n persoon sodanige bad sonder versuim verlaat nadat die superintendent die persoon gelas het om dit te doen. Geen bedwelmende drank mag in 'n bad gebring of daarin verbruik word nie.

8. Geen honde word by 'n bad toegelaat nie.

9. Niemand wat daarvan bewus is dat hy/sy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte of aan 'n abnormale afskeiding van die oë, neus, ore of keel, of aan 'n eiterende seer ly, mag te eniger tyd in 'n bad gaan nie.

10. By ontstentenis van bewys van nalatigheid van die kant van die raad of enige van sy werknemers, is die raad nie aanspreeklik vir die verlies of diefstal van klere of besittings van watter aard ook al wat deur enigeemand in die kleedkamers of baaihokkies of elders in 'n bad gelaat is nie, en die raad is nie aanspreeklik vir enige beserings wat iemand in 'n bad opgedoen of siekte wat hy daarin opgedoen het of volgens bewering daarin opgedoen of opgedoen het nie, na gelang van die geval.

11. (1) Niemand mag in 'n bad waterpolo speel nie behalwe op die tye en ooreenkomstig die voorwaardes wat die raad of die superintendent bepaal, en niemand mag enige ander spel speel wat waarskynlik besering of ongerief aan baaiers of toeskouers sal veroorsaak nie.

(2) Die gebruik van 'n branderplank, kano, skuit, pont, vlot of ander ding wat besering kan veroorsaak, word in 'n bad verbied, behalwe met die uitdruklike toestemming van die superintendent en ooreenkomstig die voorwaardes wat die superintendent stel.

12. Niemand mag hom met enige dier of voël wat gehou word op die perseel waarop 'n bad geleë is, bemoei of dit molesteer nie; ook mag niemand hom met enige plant bemoei of enige blom of steggie pluk nie.

superintendent. No person shall forcibly or by other improper means seek admission to any dressing room or cubicle.

(5) No person having changed in a dressing room or cubicle from his ordinary clothes into a bathing costume, shall leave the dressing room or cubicle in order to bathe, without first having properly and sufficiently washed himself under the showers provided for the purpose. No person shall use any soap or pollute the water in such pool or baths, or expectorate in, or upon any part of such pool or baths or buildings or enclosure.

5. No person shall bathe at a bath unless decently and adequately clothed in a bathing costume, nor shall any person appear anywhere exposed to public view at a bath, unless either wearing such a bathing costume or otherwise properly and decently dressed. It shall be lawful for the superintendent to call upon any person who in his opinion is contravening the provisions of this by-law immediately to vacate a bath without refunding the charge paid for admission thereto; provided that this shall not absolve any such person from being liable to the penalty provided for a contravention of this by-law.

6. No person shall at a bath—

(a) damage or deface any dressing room, cubicle, sanitary convenience, fence or other part of a bath;

(b) commit any nuisance, or write or scribble on any wall or other part of a bath;

(c) throw or deposit any filth or refuse except in such receptacles as may be provided for the purpose;

(d) remove, take away, throw down, damage or destroy any furniture, fitting, towel, costume or other article or thing appertaining to or used at a bath and which is the property of the council;

(e) by any disorderly or improper conduct, disturb, injure or molest any other person or obstruct any superintendent in the execution of his duty, and no person shall use any indecent, offensive or profane language or behave in an indecent or offensive manner.

7. No person who is in a state of intoxication or under the influence of dagga or whom the superintendent on reasonable grounds believes to be in such a state, shall be admitted to a bath. Where such person has been inadvertently admitted, such a person shall vacate such bath without delay on being ordered to do so by the Superintendent. No intoxicating liquor shall be taken to or be consumed at a bath.

8. No dogs shall be allowed at a bath.

9. No person shall at any time enter a bath while knowingly suffering from any contagious or infectious disease or from any abnormal discharge from the eyes, nose, ears or throat, or from a discharging sore.

10. The council in the absence of proof of negligence on its part or on the part of its employees, shall not be responsible for the loss or theft of clothing or effects of any description left by any person in the dressing rooms or cubicles or elsewhere in a bath and the council shall not be responsible for any injuries sustained or illness contracted or alleged to have been sustained or contracted, as the case may be, by any person at a bath.

11. (1) No person shall play water-polo at a bath except at such times and under such conditions as shall be fixed by the council or the superintendent, nor shall any person play any other game likely to cause injury or discomfort to bathers or spectators.

(2) The use of a surfboard, canoe, boat, punt, raft or other thing which may cause injury, shall be prohibited at a bath except with the express permission of the superintendent and under such conditions as the superintendent may impose.

12. No person shall interfere with or molest any animal or bird kept on the premises on which a bath is situated, nor shall any person interfere with plants or pick any flower, slip or cutting.

13. Niemand mag by 'n bad dobbel nie.
14. Die raad stel die geld vas vir toegang tot 'n bad en sodanige geld word op 'n duidelike sigbare plek vertoon by die kantoor waar die toeganggelde betaalbaar is.
15. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree en iedereen wat deur die superintendent redelikerwys verdink word dat hy enige ander misdryf by 'n bad gepleeg het, moet die bad onmiddellik verlaat wanneer hy deur die superintendent daartoe gelas word, en as hy versuim om dit te doen, is hy skuldig aan 'n misdryf, en daarbenewens besit die superintendent die reg om so iemand summier uit die bad uit te sit.
16. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete soos voorgeskryf by artikel 189(23) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

P.K.523/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring gegee aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

VERORDENING INSAKE BOUVALLIGE GEBOUE EN ONOGLIKE EN AANSTOOTLIKE STRUKTURE

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—
- “raad” die Munisipale Raad van Piketberg of sy behoorlik gemagtigde werknemer, en
- “eienaar” wat by artikel 2(xviii)(b) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974) daaraan gegee word.
2. Indien na die mening van die raad enige gebou of grondwerk vervalde of bouvallig geraak het of gevaarlik geword het of tekens toon dat dit gevaarlik word, of enige struktuur (wat nie 'n gebou is nie) onooglik, gevaarlik, ongesond, onhigiënies, aanstootlik of ongeskik geword het, of daarop bereken is om die waarde van eiendom in die omgewing te laat daal of om ergernis aan die inwoners in die omgewing te veroorsaak, kan die raad 'n skriftelike kennisgewing op die eienaar van sodanige gebou, grondwerk of struktuur dien, waarin van hom vereis word om na goeddunke van die raad en binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing vermeld word, sodanige gebou, grondwerk of struktuur te herstel, te verander, te verwyder, of te sloop; met dien verstande dat, indien enige gebou, grondwerk of struktuur (wat nie 'n gebou is nie) in so 'n bouvallige toestand verkeer dat dit na die mening van die raad onmiddellike gevaar vir die lewens van mense of diere skep, kan die raad skriftelik vereis dat sodanige gebou, grondwerk of struktuur (wat nie 'n gebou is nie) ontruim word en / of van die eienaar daarvan vereis om 'n geskikte skutting, omheining of ander noodsaaklike werke op te rig of aan te bring al na hy in die omstandighede nodig ag. Indien die eienaar in gebreke bly om uitvoering te gee aan die bepalings van enige van die voormelde kennisgewings, is hy skuldig aan 'n misdryf en kan die raad op koste van sodanige eienaar gevolg gee aan die bepalings van sodanige kennisgewing of kennisgewings.
3. Niemand mag sonder die uitdruklike goedkeuring van die raad 'n gebou, grondwerk of struktuur (wat nie 'n gebou is nie) wat ooreenkomstig 'n kennisgewing kragtens artikel 2 verwyder of gesloop moet word, na gelang van die geval, gebruik of okkuper nie, of 'n gebou, grondwerk of struktuur (wat nie 'n gebou is nie) wat ooreenkomstig 'n kennisgewing kragtens voornoemde artikel herstel of verander moet word, na gelang van die geval, gebruik of okkuper nie tot tyd en wyl sodanige gebou, grondwerk of struktuur tot genoeg van die raad herstel of verander is.
4. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete soos voorgeskryf by artikel 189(23) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

13. No person shall gamble at a bath.

14. The council shall fix the charge for admission to a bath and such charge shall be prominently displayed at the office where the admission charges are payable.
15. Any person contravening any of the provisions of this by-law and any person whom the superintendent reasonably suspects of having committed any other offence at a bath, shall immediately leave the bath when ordered to do so by the superintendent and, should he fail to do so, shall be guilty of an offence and in addition the superintendent shall have the right summarily to eject such person from the bath.
16. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine as prescribed by section 189(23) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).

P.N.523/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

BY-LAW RELATING TO DILAPIDATED BUILDINGS AND UNSIGHTLY AND OBJECTIONABLE STRUCTURES

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—
- “council” means the Piketberg Municipal Council or its duly authorised employee, and
- “owner” has the meaning assigned thereto by section 2 (1xii)(b) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).
2. Where in the opinion of the council any building or earthwork has fallen into a ruinous or dilapidated condition or has become or is showing signs of becoming dangerous, or any structure (not being a building) has become unsightly, dangerous unhealthy, insanitary, objectionable, unsuitable, or calculated to depreciate properties in the locality or to cause annoyance to the inhabitants of the neighbourhood, the council may serve a written notice on the owner of such building, earthwork or structure, requiring him at the council's option and within such period as may be specified in the said notice, to repair, alter, remove or demolish such building, earthwork or structure; provided that, should any building, earthwork or structure (not being a building) be in such a dilapidated condition that, in the opinion of the council it creates immediate danger to lives of men or animals, the council may in writing require the said building, earthwork or structure (not being a building) to be vacated and/or require the owner thereof to erect a proper hoarding or fence or other necessary works as it may deem necessary under the circumstances. Should the owner fail to comply with any of the notices aforementioned, he shall be guilty of an offence and the council may at the cost of such owner give effect to the contents of such notice or notices.
3. No person shall without the specific approval of the council use or occupy any building, earthwork or structure (not being a building) which is to be removed or demolished as the case may be, in accordance with a notice in terms of section 2, or use or occupy any building, earthwork or structure (not being a building) which is to be repaired or altered, as the case may be, in accordance with a notice in terms of the aforesaid section, until such building, earthwork or structure has been repaired or altered to the satisfaction of the council.
4. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable upon conviction to a fine as prescribed by section 189(23) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).

P.K.522/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

ADDISIONELE BEGRAAFPLAASVERORDENING

Woordbepaling

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—

“begraafplaas” enige begraafplaas in die regsgebied van die raad en wat onder beheer van die raad is; en

“raad” die Munisipale Raad van Piketberg.

Gelde

2. Die raad kan by spesiale besluit die gelde vasstel wat aan hom betaalbaar is vir grafpersele in die begraafplaas en dienste in verband daarmee.

P.N.522/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

ADDITIONAL CEMETERY BY-LAW

Definitions

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—

“council” means the Piketberg Municipal Council; and

“cemetery” means any cemetery in the area of jurisdiction of the council and which is under the control of the council.

Charges

2. The council may by special resolution fix charges payable to it in respect of grave plots in the cemetery and services in connection therewith.

P.K.524/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

VERORDENING VIR DIE BEHEER VAN HONDE

Woordbepaling

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—

“hoofgesondheidsbeampte” die persoon wat die betrekking van die raad se hoofgesondheidsbeampte beklee of daarin waarneem, en omvat enige persoon wat behoorlik deur hom gemagtig is vir die toepassing van hierdie verordening;

“lisensie” ’n lisensie uitgereik ingevolge artikel 2 saamgelees met artikel 5 van die Ordonnansie op Hondebelasting, 1978 (Ordonnansie 19 van 1978);

“lisensiehouer” ’n persoon wat wettig in besit is van ’n geldige lisensie en metaalplaatjie;

“openbare straat” en “openbare plek” wat daaraan geheg word by artikel 2 van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974);

“raad” die Munisipale Raad van Piketberg;

“stadsklerk” die persoon wat die betrekking van stadsklerk van die Munisipaliteit Piketberg beklee of daarin waarneem, en omvat enige persoon wat behoorlik deur hom gemagtig is vir die toepassing van hierdie verordening;

“stadstesourier” die persoon wat die betrekking van stadstesourier van die Munisipaliteit Piketberg beklee of daarin waarneem, en omvat enige persoon wat behoorlik deur hom gemagtig is vir die toepassing van hierdie verordening, en

die woorde en uitdrukkings wat in hierdie verordening gebruik word, het die betekenisse daaraan geheg by die Ordonnansie op Hondebelasting, 1978 (Ordonnansie 19 van 1978).

Registrasie en duplikaatlisensie

2. (1) Elke hond moet binne ses maande na geboorte of binne sewe dae na aanskaffing deur sy eienaar by die raad geregistreer word.
- (2) ’n Lisensiehouer wat die geldige lisensie of plaatjie vir ’n hond verloor, kan, as hy die raad daarvan oortuig dat dit aldus verloor is, ’n duplikaat daarvan verkry teen betaling van ’n geld soos deur die raad by resoluusie vasgestel.

P.N.524/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

BY-LAW FOR THE CONTROL OF DOGS

Definitions

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—

“chief health officer” means the person occupying or acting in the post of the council’s health officer and includes any person duly authorised by him for the purposes of this by-law;

“council” means the Municipal Council of Piketberg;

“licence” means a licence issued in terms of section 2 as read with section 5 of the Dog Tax Ordinance, 1978 (Ordinance 19 of 1978);

“licencee” means a person who is lawfully in possession of a valid licence and metal badge;

“public street” and “public place” shall have the meanings assigned thereto by section 2 of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974);

“town clerk” means the person occupying or acting in the post of town clerk of the Piketberg Municipality and includes any person duly authorised by him for the purposes of this by-law;

“town treasurer” means the person occupying or acting in the post of town treasurer of the Piketberg Municipality and includes any person duly authorised by him for the purposes of this by-law, and

The words and expressions used in this by-law shall have the meanings assigned thereto by the Dog Tax Ordinance, 1978 (Ordinance 19 of 1978).

Registration and duplicate licenses

2. (1) Every dog shall be registered with the council by its owner within six months of its birth or within seven days after acquisition.
- (2) A licensee who loses the current licence or badge for a dog may upon satisfying the council of such loss, obtain a duplicate thereof upon payment of a fee as fixed by the council by resolution.

Telers

3. (1) Niemand word as 'n teler erken nie tensy hy as sodanig deur die raad geregistreer is en 'n registrasiesertifikaat aan hom uitgereik is.
- (2) 'n Aansoek om registrasie as teler moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm.
- (3) Niemand word as 'n teler geregistreer nie tensy—
- (a) hy die aansoekvorm in subartikel (2) gemeld, behoorlik ingevul het;
- (b) die perseel waar hy die honde aanhou of voornemens is om dit aan te hou, sodanig geleë is dat dit na die mening van die hoofgesondheidsbeampte onwaarskynlik is dat 'n ergernis of steurnis vir naburige inwoners veroorsaak sal word; en
- (c) die perseel sodanig gebou is dat die gebied waar die honde aangehou word, nie regstreeks sigbaar is vanaf naburige eiendomme nie, en dat sodanige fasiliteite gebou is volgens 'n plan wat deur die raad goedgekeur is.
- (4) Die raad kan die getal aanteelhonde wat op enige tydstip deur enige teler aangehou mag word, beperk tot die getal wat in die registrasiesertifikaat gemeld word.
- (5) Die registrasiesertifikaat ingevolge subartikel (1) uitgereik, kan ingetrek word indien dit vir die raad op grond van 'n klagte wat by hom ingedien is en na oorweging van 'n verslag deur die hoofgesondheidsbeampte of Suid-Afrikaanse Polisie en enige vertoë wat deur die teler gerig is, voorkom asof die bedrywighede van sodanige teler 'n ergernis of steurnis vir naburige inwoners veroorsaak.

Getal honde

4. Niemand wat nie 'n behoorlik geregistreerde teler is of die houër van 'n lisensie om hondehokke aan te hou, mag op sy perseel meer as twee honde aanhou nie; met dien verstande dat 'n persoon wat op die datum van afkondiging van hierdie verordening meer as twee honde aangehou het, mag voortgaan om sodanige groter getal aan te hou, maar hy mag nie enige hond bo twee in getal vervang as sodanige hond vrek of weggedoen word nie.

Blaffende en huilende honde

5. Niemand mag 'n hond aanhou wat 'n steurnis of 'n ergernis vir die bure veroorsaak deur 'n aanhoudende of oormatige geblaf, gehuil of getjank nie.

Boosaardige of gevaarlike honde

6. (1) Indien daar 'n klagte by die stadsklerk of hoofgesondheidsbeampte ingedien word dat 'n hond boosaardig of gevaarlik is en nie onder behoorlike beheer gehou word nie, kan sodanige beampte 'n kennisgewing aan die eienaar of persoon in beheer van die hond laat beteken waarin daar van die eienaar of sodanige persoon, na gelang van die geval, vereis word om ten genoë van die hoofgesondheidsbeampte te verseker dat sodanige hond onder behoorlike beheer gehou word.
- (2) Enige hond wat 'n persoon in 'n openbare straat of ander plek waartoe die publiek toegang het, aangeval het, word vir die toepassing van hierdie verordening geag 'n boosaardige of gevaarlike hond te wees, totdat die teendeel bewys word.
- (3) Iedereen aan wie daar 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) beteken is en wat in gebreke gebly het om 'n hond ten genoë van die hoofgesondheidsbeampte te beheer soos by sodanige subartikel vereis, en toelaat dat die hond in sodanige kennisgewing gemeld, in 'n openbare straat of op of in enige openbare plek is, is skuldig aan 'n misdryf.
7. (1) Indien 'n gemagtigde beampte rede het om te glo dat 'n hond wat in 'n openbare straat of enige openbare plek aangetref word, aan 'n siekte ly, kan hy op sodanige hond beslag lê en dit by 'n skut onder die beheer van die raad of by enige ander plek wat deur die raad vir sodanige doel afgesonder is, in bewaring laat hou.

Breeders

3. (1) No person shall be recognised as a breeder unless he has been registered as such by the council and a certificate of registration has been issued to him.
- (2) An application for registration as a breeder shall be on the prescribed form.
- (3) No person shall be registered as a breeder unless—
- (a) he has duly completed the application form referred to in subsection (2);
- (b) the premises where he keeps or proposes to keep the dogs are so situated that in the opinion of the chief health officer a nuisance or annoyance to neighbouring residents is not likely to be caused, and
- (c) the premises are so constructed that the area where the dogs are housed is not directly visible from neighbouring properties and that such housing facilities are constructed according to a plan approved by the council.
- (4) The council may limit the number of breeding dogs that may be kept by any breeder at any time to such number as shall be stated in the certificate of registration.
- (5) The certificate of registration issued in terms of subsection (1) may be cancelled if it appears to the council, following a complaint made to it and after considering a report by the chief health officer or South African Police and any representations made by the breeder, that the activities of such breeder are causing a nuisance or annoyance to neighbouring residents.

Number of dogs

4. No person not being a duly registered breeder or the holder of a licence to keep a kennel, may keep on any premises more than two dogs; provided that a person who at the date of promulgation of this by-law kept more than two dogs may continue to keep such greater number, but shall not replace any dog in excess of two when such dog dies or is disposed of.

Barking and howling dogs

5. No person shall keep any dog which creates a disturbance or a nuisance to the neighbours by constant or excessive barking, howling or whining.

Vicious or dangerous dogs

6. (1) If a complaint is made to the town clerk or chief health officer that a dog is vicious or dangerous and is not kept under proper control, such officer may cause a notice to be served on the owner or person having charge of the dog requiring the owner or such person, as the case may be, to establish to the satisfaction of the chief health officer that such dog is being kept under proper control.
- (2) Any dog which has attacked any person in a public street or other place to which the public have access shall, for the purpose of this by-law, be deemed to be a vicious or dangerous dog until the contrary is proved.
- (3) Any person who, having been served with a notice in terms of subsection (1) and having failed to satisfy the chief health officer as required by such subsection, permits the dog referred to in such notice to be on a public street or on or in any public place shall be guilty of an offence.
7. (1) If any authorised officer has reason to believe that a dog found in a public street or any public place is diseased he may seize such dog and cause it to be detained at any pound under the control of the council or other place set aside by the council for such purpose.

- (2) Enige hond waarop daar beslag gelê is en wat in bewaring gehou word ingevolge subartikel (1), kan op aanbeveling van 'n veearts onmiddellik van kant gemaak word ten einde die verspreiding van 'n siekte te voorkom of waar dit onwaarskynlik lyk dat die hond sal herstel.
- (3) Enige loopse teef wat in 'n openbare straat of openbare plek binne die regsgebied van die raad aangetref word terwyl dit nie onder die beheer van 'n persoon is nie, kan deur 'n gemagtigde beampte in beslag geneem word en in bewaring gehou word by 'n skut onder die beheer van die raad of by enige ander plek wat deur die raad vir sodanige doel afgesonder is.
- (4) Enige teef waarop beslag gelê is en wat in bewaring gehou word ingevolge subartikel (3) kan, behoudens die bepalinge van subartikel (6) en op las van die stadsklerk, van kant gemaak word.
- (5) Die van kant maak van enige hond ingevolge subartikel (2) of (4) of kragtens enige bepalinge van artikel 13 van die Ordonnansie op Hondebelaasting, 1978 (Ordonnansie 19 van 1978), moet, onderworpe aan die bepalinge van subartikel (6) en (7), geskied op 'n pynlose wyse wat deur 'n veearts goedgekeur word en mag net plaasvind onder toesig van 'n gemagtigde beampte.
- (6) Geen hond mag van kant gemaak word nie, behalwe ingevolge die bepalinge van subartikel (2), tensy dit minstens sewe dae lank nie deur die eienaar daarvan opgeëis is nie, en in die geval van 'n hond wat 'n nekband dra met die naam en adres van die eienaar daarop, tensy sodanige hond nie opgeëis word nie nadat 'n kennisgewing aan sodanige eienaar beteken is waarin daar van hom vereis word om die hond binne sewe dae vanaf die datum van die kennisgewing te verwyder, by gebreke waarvan die hond van kant gemaak sal word.
- (7) In plaas daarvan om 'n hond waarop daar ingevolge hierdie verordening beslag gelê is en wat daarkragtens in bewaring gehou word, uitgesonderd 'n hond in subartikel (2) gemeld, van kant te maak, kan die raad sodanige hond verkoop of andersins van die hand sit aan 'n persoon of organisasie wat deur die stadsklerk in oorleg met die hoofgesondheidsbeampte goedgekeur is, teen betaling van enige belasting betaalbaar ten opsigte van sodanige hond en van enige onkoste soos deur die stadseskouer gesertifiseer, wat deur die raad aangegaan is met die beslaglegging op en inbewaringhouding van sodanige hond; met dien verstande dat indien sodanige hond 'n teef is, dit nie aan die koper oorhandig word alvorens dit eers gesteriliseer is nie, en die koste van sodanige sterilisasie word ingesluit by die koste van beslaglegging en inbewaringhouding.
- (8) Die raad kan die gelde vasstel wat aan hom betaalbaar is ten opsigte van die onderhoud van enige hond waarop daar kragtens hierdie verordening beslag gelê is en wat daarkragtens in bewaring gehou word, en die eienaar van sodanige hond of die persoon in wie se sorg dit is, kan nie die vrystelling van die hond verkry alvorens sodanige gelde betaal is nie.
- (9) In geen geval is vergoeding deur die raad betaalbaar aan enige persoon ten opsigte van die van kant maak van 'n hond ingevolge hierdie verordening nie.
- (10) Die opbrengs van die verkoop van enige hond waarop die raad beslag gelê het en wat verkoop word, word aangewend ter bestryding van die koste van die onderhoud daarvan ingevolge subartikel (8) sowel as die koste verbonde aan die verkoop daarvan, en enige saldo wat daarna oorbly, word aan die eienaar daarvan of die persoon in wie se sorg dit is, betaal, mits hy sodanige gelde binne twaalf maande na die verkoop opeis, by gebreke waarvan dit aan die raad verbeur word.

Beheer van honde in openbare strate

8. (1) Enige hond wat nie deur middel van 'n leiband beheer word nie en wat op 'n straat aangetref word, kan deur 'n gemagtigde beampte in beslag geneem en in bewaring gehou word.
- (2) Waar die naam en adres van die eienaar van 'n hond waarop daar ingevolge subartikel (1) beslag gelê is en wat daarkragtens in bewaring gehou word, vasgestel kan word, moet sodanige eienaar van sodanige beslaglegging en inbewaringhouding verwittig word en gelas word om sodanige hond vanaf sodanige plek van bewaring te verwyder en om voor sodanige verwydering die koste

- (2) Any dog seized and detained in terms of subsection (1) may, on the recommendation of a veterinarian, be destroyed immediately in order to prevent the spread of any disease or where it appears unlikely that the dog will recover.
- (3) Any bitch on heat found in a public street or public place within the area of jurisdiction of the Council, whilst not under the control of a person, may be seized by an authorised officer and detained at a pound under the control of the council or other place set aside by the Council for such purpose.
- (4) Any bitch seized and detained in terms of subsection (3) may, subject to the provisions of subsection (6) and by order of the town clerk, be destroyed.
- (5) The destruction of any dog in terms of subsection (2) or (4) or under any provisions of section 13 of the Dog Tax Ordinance, 1978 (Ordinance 19 of 1978) shall, subject to the provisions of subsections (6) and (7), be by such painless method as may be approved by a veterinarian and shall take place only under the supervision of an authorised officer.
- (6) No dog may be destroyed except under the provisions of subsection (2), unless it has remained unclaimed by its owner for at least seven days and in the case of a dog wearing a collar with the name and address of the owner thereon unless such dog remains unclaimed after a notice has been served on such owner requiring him to remove the dog within seven days of the date of the notice, failing which the dog will be destroyed.
- (7) Instead of destroying a dog, seized and detained in terms of this by-law other than a dog referred to in subsection (2), the council may sell or otherwise dispose of such dog to a person or organisation approved by the town clerk in consultation with the chief health officer on payment of any tax payable in respect of such dog and of any costs, as certified by the town treasurer, incurred by the council in the seizure and detention of such dog; provided that if such dog is a bitch it shall not be handed over to the purchaser unless it has first been rendered sterile and the cost of so rendering it sterile shall be included in the cost of seizure and detention.
- (8) The council may fix the charge payable to it in respect of the keeping of any dog seized and detained in terms of this by-law and the owner of such dog or the person in charge thereof shall not obtain the release of the dog unless such charge has been paid.
- (9) In no case shall any compensation be payable by the council to any person in respect of the destruction of a dog in terms of this by-law.
- (10) The proceeds of the sale of any dog seized by the council and sold, shall be utilised to meet the cost of the keeping thereof in terms of subsection (8) as well as the cost of the sale thereof, and any balance remaining shall be paid to the owner thereof or the person in charge thereof, provided that such moneys be claimed within twelve months of the sale, failing which it shall be forfeited to the council.

Control of dogs in public streets

8. (1) Any dog not controlled by means of a leash, which is found on any street, may be seized and detained by an authorised officer.
- (2) Where the name and address of the owner of a dog seized and detained in terms of subsection (1) can be established such owner shall be notified of such seizure and detention and be required to remove such dog from such place of detention and to pay to the council prior to such removal the costs of its seizure and detention, failing which such dog shall, subject to the provisions

van die beslaglegging daarop en inbewaringhouding daarvan aan die raad te betaal, by gebreke waarvan sodanige hond, onderworpe aan die bepalings van artikel 7(7) van kant gemaak moet word ooreenkomstig die bepalings van artikel 7(2).

- (3) Waar die naam en adres van die eienaar van 'n hond waarop daar ingevolge subartikel (1) beslag gelê is, nie vasgestel kan word nie en sodanige hond vir 'n tydperk van sewe dae na die beslaglegging daarop nie opgeëis is nie, moet dit, onderworpe aan die bepalings van artikel 7(7) van kant gemaak word ooreenkomstig die bepalings van artikel 7(2).

Honde mag nie aangehits word om persone aan te val nie

9. Niemand mag—

- (a) enige hond op enige persoon of dier loslaat nie, tensy dit gedoen word ter beskerming van sodanige persoon of sy eiendom, of
- (b) enige hond onder sy toesig of in sy besit toelaat of aanhits om enige persoon of dier aan te val of skrik te maak nie.

'n Hond se halsband en plaatjie mag nie wederregtelik gebruik of verwyder word nie.

10. Niemand mag die halsband van enige hond of enige metaalplaatjie aangeheg aan die halsband van enige hond, wederregtelik gebruik of vernietig of dit van enige hond verwyder of wederregtelik in besit wees of gebruik maak van 'n namaaksel van enige sodanige metaalplaatjie nie.

Die vrylating van geskutte honde verbode

11. Niemand mag deur dreigemente van geweld of andersins enige dier wat wettig na die skut gebring word, vrylaat of probeer vrylaat van die persoon of persone in beheer daarvan nie, of mag enige dier vrylaat of probeer vrylaat nadat dit wettig deur die skutmeester geskut is nie.

Strafbepaling

12. Iedereen wat—

- (a) die eienaar of persoon in beheer is van enige winkel of ander plek waar voedsel verkoop of te koop uitgestel word en wat toelaat dat enige hond in sodanige winkel of op sodanige plek is of bly, of
- (b) in gebreke bly om te voldoen aan enige bepaling van hierdie verordening of aan enige bevel of kennisgewing wat wettig daarkragtens uitgereik is,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of gevangenisstraf soos voorgeskryf by artikel 16 van die Ordonnansie op Hondebelasting, 1978 (Ordonnansie 19 van 1978).

P.K.525/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

VERORDENING INSAKE TAXI'S

Woordomskrywings

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—

“bestuurder”, met betrekking tot 'n taxi, enige persoon wat in beheer is van sodanige voertuig of dit bestuur of probeer bestuur;

“die Wet” die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

“fasiliteite” staanplekke, stilhouplekke, parkeerareas en eindpunte vir taxi's;

“openbare pad” wat in die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), daaraan geheg word;

of section 7(7) be destroyed in accordance with the provisions of section 7 (2).

- (3) Where the name and address of the owner of a dog seized in terms of subsection (1) cannot be established and such dog remains unclaimed for a period of seven days after seizure, it shall, subject to the provisions of section 7 (7), be destroyed in accordance with the provisions of section 7 (2).

Dogs not to be urged to attack persons

9. No person shall—

- (a) set any dog on to any person or animal, unless it is done to defend such person or his property, or
- (b) permit or urge any dog in his custody or possession to attack or put in fear any person or animal.

Dog's collar and badge not to be unlawfully used or removed

10. No person shall unlawfully use or destroy or remove from any dog any dog's collar or any metal badge attached to any dog's collar, or have unlawful possession of or use any counterfeit of any such metal badge.

The rescue of impounded dogs prohibited

11. No person shall by threats of violence or otherwise, rescue or attempt to rescue from the person or persons in charge thereof any animal being lawfully brought to the pound or shall rescue or attempt to rescue any animal after the same has been lawfully impounded by the pound master.

Penalties

12. Any person who—

- (a) being the owner or person in control of any shop or other place where food is sold or exposed for sale, permits any dog to be or remain in or on such shop or place, or
- (b) fails to comply with any provision of this by-law or with any order or notice lawfully issued thereunder,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty or imprisonment as prescribed by section 16 of the Dog Tax Ordinance 1978 (Ordinance 19 of 1978).

P.N.525/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

BY-LAW RELATING TO TAXIS

Definitions

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—

“council” means the Municipal Council of Piketberg;

“driver”, in relation to a taxi, means any person who is in control of such vehicle or drives or attempts to drive such vehicle;

“facilities” means taxi ranks, stops, parking areas and taxi terminals;

“ply for reward or hire” means to use a vehicle to convey passengers for reward or hire or to make a vehicle available at any point for the purpose of conveying passengers;

"padverkeersteken" wat in die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), daaraan geheg word;

"padvervoerpermit" wat in die Padvervoerwet, 1977 (Wet 74 van 1977), daaraan geheg word;

"raad" die Munisipale Raad van Piketberg;

"staanplek vir taxis" 'n plek wat as sodanig deur 'n padverkeersteken aangetoon word;

"taxi" 'n minibus, motorkar en enige ander voertuig (uitgesonderd 'n bus of skoolbus) wat gebruik word om passasiers teen vergoeding of huur te vervoer;

"teen vergoeding of huur ry" om 'n voertuig te gebruik om passasiers teen huur of beloning te vervoer of om 'n voertuig beskikbaar te stel op enige plek vir die doel om passasiers te vervoer, en

enige ander woord of uitdrukking wat daaraan geheg word in die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), en die Wet.

Gelde en tariewe

2. Gelde en tariewe vir die gebruik van fasiliteite word ingevolge artikel 10(G) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993), deur die raad vasgestel.

Gebruik van fasiliteite

3. Niemand mag 'n voertuig, uitgesonderd 'n taxi, op, oor of binne 'n fasiliteit bestuur nie.
4. Niemand mag 'n voertuig, uitgesonderd 'n taxi, in of op 'n fasiliteit parkeer of tot stilstand bring of laat parkeer of tot stilstand laat bring nie.
5. Niemand mag 'n taxi—
 - (a) in, op of oor 'n fasiliteit bestuur nie, of
 - (b) in of op 'n fasiliteit parkeer of tot stilstand bring of laat parkeer of tot stilstand laat bring nie tensy hy in besit is van 'n geldige kwitansie of bewys wat aantoon dat die gelde en tariewe wat deur die raad vasgestel is vir die gebruik van die fasiliteit, betaal en vereffen is.
6. Behoudens die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet moet die bestuurder van 'n taxi, wanneer hy vanaf 'n fasiliteit teen vergoeding of huur ry—
 - (a) sy taxi plaas in die eerste oop plek beskikbaar in sodanige fasiliteit agter enige ander taxi's wat reeds daar is;
 - (b) sy taxi vorentoe laat beweeg op sodanige fasiliteit na gelang plekke leeg raak;
 - (c) nie sy taxi vir langer as tien (10) minute alleen laat nie, en
 - (d) beskikbaar en gereed wees om te alle tye teen vergoeding of huur te ry, en geen bestuurder mag onredelik weier om enige passasier of passasiers tot die getal sitplekke beskikbaar in sy taxi te vervoer na enige plek waartoe sy padvervoerpermit magtiging verleen nie.

Algemene bepalings met betrekking tot taxi's en bestuurders.

7. Geen bestuurder van 'n taxi mag—
 - (a) met sy taxi in 'n openbare straat of op 'n openbare plek wag of aanbied om teen vergoeding of huur te ry nie, behalwe vanaf 'n fasiliteit;
 - (b) verhoed of probeer verhoed dat die bestuurder van 'n ander taxi wettig passasiers verkry of vervoer nie;
 - (c) aanbied om teen vergoeding of huur te ry in 'n gebied wat uitsluitlik gereserveer is vir busse nie;
 - (d) verhoed of probeer verhoed dat passasiers wat van busvervoer gebruik wil maak, van sodanige busvervoer gebruik maak nie;
 - (e) in 'n fasiliteit hom wanordelik gedra of op so 'n wyse optree dat sy gedrag 'n oorlas vir die algemene publiek veroorsaak nie, en

"public road" has the meaning assigned thereto in the Act;

"road traffic sign" has the meaning assigned thereto in the Act;

"road transport permit" has the meaning assigned thereto in the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977);

"taxi" means a minibus, motorcar or any other vehicle (excluding a bus or school bus) which is used to convey passengers for reward or hire;

"taxi rank" means a place designated as such by a road traffic sign;

"the Act" means the Road Traffic Act, 1989 (Act 29 of 1989) and the regulations made thereunder, and

any other word or expression has the meaning assigned thereto in the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), and the Act.

Fees and tariffs

2. Fees and tariffs for the use of facilities shall be fixed by the Council in terms of Section 10(G) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act 209 of 1993).

Use of facilities

3. No person shall drive a vehicle, excluding a taxi, on, over or in a facility.
4. No person shall park or stop or cause to be parked or stopped any vehicle, excluding a taxi, in or on a facility.
5. No person shall—
 - (a) drive a taxi in, on or over a facility, or
 - (b) park or stop a taxi or cause such taxi to be parked or stopped in or on a facility unless he is in possession of a valid receipt or proof which indicates that the fees and tariffs fixed by the council for the use of the facility have been paid and settled.
6. Subject to the provisions of this by-law or any other law, the driver of a taxi shall, when plying for reward or hire at a facility -
 - (a) place his taxi in the first vacant place available in such facility behind any other taxis already there;
 - (b) move his taxi forward in such facility as vacancies occur;
 - (c) not leave his taxi unattended for a period exceeding ten (10) minutes; and
 - (d) be available and ready to ply for hire or reward at all times, and no driver shall unreasonably refuse to convey any passenger or passengers up to the number of seats available in this taxi to any place authorised by his road transport permit.

General provisions relating to taxis and drivers

7. No driver of a taxi shall—
 - (a) wait with a taxi in a public street or place or ply for reward or hire except at a facility;
 - (b) prevent or attempt to prevent the driver of another taxi from lawfully obtaining or conveying passengers;
 - (c) ply for reward or hire in an area exclusively reserved for buses;
 - (d) prevent or attempt to prevent passengers who want to make use of bus transport from making use of such bus transport;
 - (e) behave in a disorderly manner in a facility or act in such manner that his behaviour constitutes a nuisance to the general public; and

- (f) sy taxi op so 'n wyse parkeer of laat parkeer of tot stilstand bring of laat bring op so 'n plek en in so 'n posisie dat dit 'n hindernis vir die wettige verkeer veroorsaak nie.

Strawwe

8. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete soos voorgeskryf by artikel 189(23) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

P.K.526/1998

25 September 1998

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Piketberg.

MUNISIPALITEIT PIKETBERG:

VERORDENING VIR DIE VOORKOMING VAN OORLASTE

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:—

“aanstootlike materiaal” tuinvullis, vuilgoed, afvalmateriaal, rommel, afvalyster, voorwerp of ding, in onbruik geraakte motors, masjinerie of ander voertuie asook die in onbruik geraakte onderdele daarvan, vullis van enige bouwerkzaamhede, of enige vullis wat op enige grond of perseel gestort kan word, met inbegrip van nuwe of gebruikte boumateriaal wat nie noodwendig nodig is in verband met bona fide- boubedrywighede wat werklik op enige grond aan die gang is nie, en omvat dit enige vaste stof, vloeistof of gas wat aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, of wat wesenlik inbreuk maak op die gewone gemak of gerief van die publiek;

“bouer” die persoon wat in diens geneem is om 'n gebou of struktuur op te rig of om werke daaraan uit te voer of, indien niemand aldus in diens geneem is nie, die eienaar van die gebou of struktuur;

“erf” enige grond, hetsy onbebou, geokkupeer of met geboue daarop;

“munisipale gebied” die regsgebied van die Munisipaliteit Piketberg, en

“raad” die Munisipale Raad van Piketberg, en omvat dit enige werknemer van die raad wat bevoegdheid uitoefen of pligte of funksies vervul wat deur die raad aan hom gedelegeer is.

2. Ondanks die bepalings van enige ander verordening mag niemand—

(a) aanstootlike materiaal in of op enige erf, straat, riool, watersloot, vuilriool, deurgang, openbare plein of dorpsgrond stort, ophoop of plaas of laat stort, ophoop of plaas of toelaat dat dit daarin of daarop gesort, opgehoop of geplaas word nie, behalwe op die plek of plekke wat die raad van tyd tot tyd vir sodanige doeleindes afsonder of goedkeur; met dien verstande egter dat die raad toestemming aan openbare garages, werkswinkels en ander bedrywe kan verleen onderworpe aan die voorwaardes wat in elke geval gestel word, vir die hou, bewaring, herstel, aftakeling, of hermontering van enige motorvoertuig of ander voertuig of apparaat op persele wat deur die raad goedgekeur is;

(b) werk op enige erf uitvoer of 'n gebou of grond gebruik vir doeleindes wat daarop bereken is om sodanige erf te ontsier of om inbreuk te maak op die gerief of gemak van die bure of om 'n bron van gevaar vir enige persoon te word nie. Indien die raad van mening is dat hierdie bepaling verontagsaam word, kan hy gelas dat sodanige werk of gebruik onmiddellik gestaak word en dat die vorige toestand herstel word;

(c) enige handel, besigheid of beroep uitoefen op enige erf in die munisipale gebied wat na die mening van die raad 'n bron van ongerief of ergernis vir die omgewing is of kan word nie;

(d) enige vrugte- of groenteskille, gebreke bottels, glas, vullis of enige aanstootlike materiaal of ding wat aanstootlik is of waarskynlik ergernis, gevaar of besering sal veroorsaak aan persone in of op enige erf, straat of openbare plek stort, laat bly, uitgooi, neergooi of plaas nie;

- (f) park or stop his taxi or cause it to be parked or stopped in such place and in such a position that it constitutes a hindrance for lawful traffic.

Penalties

8. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable upon conviction to a fine as prescribed by section 189(23) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).

P.N.526/1998

25 September 1998

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Piketberg.

PIKETBERG MUNICIPALITY:

BY-LAW FOR THE PREVENTION OF NUISANCES

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates:—

“builder” means the person who is employed to build or to execute work on a building or structure or where no person is so employed, the owner of the building or structure;

“council” means the Municipal Council of Piketberg, and includes any employee of the council exercising powers or performing duties or functions delegated to him by the council;

“erf” means any land, whether vacant, occupied or with buildings thereon;

“municipal area” means the area of jurisdiction of the Piketberg Municipality, and

“objectionable material” means garden litter, rubbish, waste material, rubble, scrap metal, article or thing, disused motor cars, machinery or other vehicles, as well as the disused parts thereof, refuse from any building operations, or any refuse capable of being dumped on any land or premises, including new or used building materials not necessarily required in connection with bona fide building operations actually in progress on any land, and includes any solid, liquid or gas which is or may become offensive or dangerous or injurious to health or which materially interferes with the ordinary comfort or convenience of the public.

2. Notwithstanding the provisions of any other by-law no person shall—

(a) dump, accumulate or place or cause or permit to be dumped, accumulated or placed objectionable material in or on any erf, street, drain, water furrow, sewer, thoroughfare, public square or commonage except at such place or places as the council may from time to time set aside or approve for such purposes; provided however that the council may permit public garages, workshops and other trades subject to such conditions as may be imposed in each case, to keep, store, repair, dismantle or re-assemble any motor vehicle or other vehicle or apparatus on premises approved by the council;

(b) do work on any erf or use any building or land for purposes calculated to disfigure such erf or to interfere with the convenience or comfort of the neighbours or to become a source of danger to any person. Should the council be of the opinion that this provision is being ignored, the council may instruct that such work or use be discontinued forthwith and that the previous condition be reinstated;

(c) carry on any trade, business or profession on any erf in the municipal area which may in the opinion of the council be a source or become a source of discomfort or annoyance to the neighbourhood;

(d) deposit, leave, spill, drop or place any fruit or vegetable peels, broken bottles, glass, refuse or any objectionable material or thing which is offensive or likely to cause annoyance, danger or injury to persons in or upon any erf, street or public place;

- (e) toelaat dat enige erf met bosse, onkruid of gras of ander plantegroei, uitgesonderd gekweekte bome, struik en gras, begroei word in so 'n mate dat dit na die mening van die raad of enige behoorlik gemagtigde werknemer van die raad gebruik kan word as 'n skuilplek vir rondlopers, wilde diere of ongediertes of dat dit die volksgesondheid of die veiligheid van 'n lid van die gemeenskap kan bedreig of die verspreiding van brande kan bevorder nie;
- (f) toelaat dat enige erf vuil, verwaarloos of met knaagdiere, slange, muskiete, vlieë, bosluise, luise of ander insekte wat skadelik is vir die gesondheid, besmet is, of toelaat dat enige onaangename reuke of gasse op sodanige erf afgegee word nie;
- (g) toelaat dat die omheining van enige erf in 'n vervalle, onooglike of verwaarloosde toestand raak nie;
- (h) toelaat dat 'n gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan op enige erf in 'n vervalle, verwaarloosde of onooglike toestand raak nie, of in gebreke bly om die dakwaterwegdoenstelsel, pype, vuilriole, riole, water-, afvalwater- en spoelklosettoerusting en alle ander toebehore wat deel uitmaak van of bevestig is aan enige gebou of struktuur, in 'n goeie en heel toestand te hou, of in gebreke bly om die mure van enige gebou of struktuur vrogvry te hou nie;
- (i) enige stoep en/of veranda van enige winkel of besigheidperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidperseel grens, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om enige goedere, artikels of handelsware op te berg, op te stapel, te stort, weg te doen, uit te stal, te hou, te verkoop of vir verkoop aan te bied nie;
- (j) enige winkel of besigheidperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidperseel grens of enige gedeelte daarvan wat vir die publiek toeganklik of sigbaar is, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om enige afvalmateriaal, vullis, kratte, kartondose, houers of ander artikels van 'n dergelijke aard op te stapel, te stort, weg te doen of te hou nie;
- (k) enige stoep of veranda van enige winkel of besigheidperseel deur middel van los of vaste strukture, voorwerpe, artikels of toestelle toemaak of laat toemaak of toelaat dat dit daardeur toegemaak word nie, behalwe deur die middels wat die raad goedkeur;
- (l) op sy perseel 'n dier of voël aanhou wat deur gedurig en te veel lawaai, die bure steur of vir hulle tot oorlas is nie;
- (m) nagvuil op 'n perseel stort of hou of laat stort of toelaat dat dit daarop gesort of gehou word nie, behalwe in 'n behoorlike sanitêre gemak wat die raad goedgekeur het en ooreenkomstig enige verordening van die raad;
- (n) op sy perseel 'n sanitêre gemak hou of laat hou of toelaat dat dit daarop gehou word wat van so 'n aard is dat dit 'n oorlas of aanstootlik of nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is nie;
- (o) 'n openbare gemak of 'n gemak wat in 'n openbare gebou of openbare vermaaklikheidsplek voorsien is, bevuil, misbruik of beskuldig nie;
- (p) enige aanstootlike materiaal of ding, vloeibaar of vas, wat aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, deur of in 'n straat of openbare plek dra of vervoer of toelaat dat dit daardeur of daarin gedra of vervoer word nie, tensy sodanige aanstootlike materiaal of ding met geskikte materiaal bedek is om te voorkom dat 'n oorlas ontstaan;
- (q) 'n dooie liggaam op 'n onwettige plek begrawe of wegdoen nie;
- (r) toelaat dat die karkas van 'n dier wat sy eiendom of onder sy beheer is en wat op sy perseel of elders in die munisipale gebied gevrek het, onbegrawe bly nie;
- (s) *duld of toelaat dat 'n spruit, poel, sloot, riool, geut, waterloop, opwasbak, bad, tenk, spoelkloset, privaat of urinaal of enige grond of perseel wat aan hom behoort of deur hom geokkupeer word onder sy beheer is, so vuil is of word of in so 'n toestand verkeer of verval of so geleë is of gebou word dat dit aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is nie;*
- (e) allow any erf to be overgrown with bush, weeds or grass or other vegetation except cultivated trees, shrubs and grass to such extent that, in the opinion of the council or any duly authorised employee of the council, it may be used as a shelter by vagrants, wild animals or vermin or may threaten the public health or the safety of any member of the community or may promote the spread of fires;
- (f) allow any erf to be dirty, neglected or infested with rodents, snakes, mosquitoes, flies, ticks, bugs or other insects harmful to health, or allow any offensive odours or gases to emanate from such erf;
- (g) allow the fencing of any erf to fall into a state of disrepair or to become unsightly or dilapidated;
- (h) allow any building or structure or any portion thereof on any erf to fall into a dilapidated, neglected or unsightly state, or fail to maintain the roof-water disposal system, pipes, sewers, drains, water fittings, waste water fittings, water closet fittings and all other appurtenances forming part of or attached to any building or structure in good and sound repair, or fail to maintain the walls of any building or structure free from dampness;
- (i) use or cause or permit to be used any stoep and/or verandah of any shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises for the purpose of storing, stacking, dumping, disposing, displaying, keeping, selling or offering for sale any goods, articles or merchandise;
- (j) use or cause or permit any shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises or any portion thereof which is open or visible to the public for the purpose of storing, stacking, dumping, disposing or keeping any waste material, refuse, cartons, crates, containers or other articles of a like nature;
- (k) enclose or cause or permit the enclosing of any stoep or verandah of any shop or business premises by means of movable or immovable structures, objects, articles or devices otherwise than by such means as the council may approve;
- (l) keep on his premises any animal or bird which creates a disturbance or a nuisance to the neighbours by making frequent and excessive noise;
- (m) deposit or keep or cause or suffer to be deposited or kept any night-soil on any premises, except in a proper sanitary convenience approved by the council and in accordance with any by-law of the council;
- (n) keep or cause or suffer to be kept upon his premises any sanitary convenience of such nature that it is a nuisance or is offensive or injurious or dangerous to health;
- (o) defoul, misuse or damage any public convenience or any convenience provided in any public building or place of public entertainment;
- (p) carry or convey, or permit to be carried or conveyed through or in any street or public place, any objectionable material or thing, liquid or solid, which is or may become offensive or dangerous or injurious to health, unless such objectionable material or thing is covered with a suitable material to prevent the creation of any nuisance;
- (q) bury or dispose of any dead body in any unauthorised place;
- (r) permit the carcass of any animal, being his property or of which he is in charge, and which has died on his premises or elsewhere in the municipal area, to remain unburied;
- (s) cause or permit any stream, pool, ditch, drain, gutter, water-course, sink, bath, cistern, water closet, privy or urinal on any land or premises owned or occupied by him or of which he is in charge to be or become so foul or in such a state or to be so situated or constructed as to be offensive or dangerous or injurious to health;

- (t) duld of toelaat dat vuil of besoedelde water of enige vuil vloeistof of aanstootlike materiaal vanaf 'n perseel wat aan hom behoort of deur hom geokkupeer word, ongeag of dit vir handels-, besigheid-, fabrieks-, woon- of enige ander doeleindes geokkupeer word, in 'n straat of op enige grond afloop of vloei nie;
- (u) 'n daad pleeg of laat pleeg of toelaat dat dit gepleeg word wat kan lei tot die besoedeling van water wat inwoners van die munisipaliteit die reg het om te gebruik of wat vir die gebruik van sodanige inwoners verskaf of afgesonder is nie;
- (v) in 'n openbare stroom, dam of watertrog baai of hom of 'n dier of kledingstuk of 'n ander artikel of ding daarin of by 'n openbare brandkraan of fontein of op 'n plek wat nie deur die raad vir enige sodanige doel afgesonder is, was nie;
- (w) te eniger tyd gedurende die dag of nag die openbare vrede in 'n straat of openbare plek versteur deur onbetaamlike geluide te maak of deur te skreeu, aanhoudend te toeter, te twis of rusie te maak, of deur 'n skare byeen te bring, of deur 'n betoging te reël, of deur te baklei of 'n bakleiery uit te lok, of deur met 'n stok of ander wapen te slaan of dit te swaai of op 'n dreigende wyse te gebruik, of deur enige ander oproerige, geweldadige of onbetaamlike gedrag of deur in enige straat of openbare plek te slenter, of deur op sypaadjies te vergader of saam te drom nie;
- (x) ware of dienste in 'n straat of openbare plek adverteer deur middel van 'n megafoon, luidspreker of dergelike toestel of deur aanhoudend te skreeu, op 'n ghong te slaan, toeters te druk of klokke te lui op so 'n wyse dat dit 'n openbare oorlas in die buurt uitmaak nie;
- (y) wat in of op enige eiendom of perseel die openbare vrede in die omgewing van sodanige perseel versteur deur daarin of daarop onbetaamlike geluide te maak, te skreeu, te twis, rusie te maak of te sing, of daarin of daarop 'n musiekinstrument bespeel of 'n musiekinstrument, radio, televisiestel of dergelike toestel of enige luidspreker of ander toestel vir die reproduksie of versterking van klank, gebruik of toelaat dat dit gebruik word op so 'n wyse of op so 'n tyd of in sulke omstandighede dat die klank daarvan hoorbaar is buite die grense van sodanige eiendom of perseel en die gewone gerief, gemak, vrede en rus van die okkuperders van omliggende eiendomme weselik versteur.
- (z) in enige straat of openbare plek beledigende of dreigende taal besig of iets doen wat die vrede kan versteur of wat daarop bereken is om die vrede te versteur nie;
- (za) in enige straat of openbare plek om aalmoese bedel of deur die vertoning van wonde, sere, beserings, gebreke of bedelbriewe aalmoese probeer verkry nie; of
- (zb) 'n voertuig of 'n aanstootlike artikel of stuk gereedskap in 'n straat of openbare plek skoonmaak of was nie.
3. (1) Indien enige materiaal, voorwerp of ding van watter aard ook al op enige erf opgehoop, gestort, opgeberg of geplaas is of waar enige erf met bosse, onkruid, gras of plantegroei oorgroei is in stryd met artikel 2(a), (d) en (e) kan die raad 'n kennisgewing beteken aan—
- (a) die persoon wat regstreeks of onregstreeks vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is;
- (b) die eienaar van sodanige materiaal, voorwerp of ding, ongeag of hy vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is nie;
- (c) die eienaar van die erf waarop sodanige ophoping, storting, opberging of plasing plaasvind, ongeag of hy daarvoor verantwoordelik is of nie; of
- (d) die eienaar van die erf wat met bosse, onkruid, gras of plantegroei oorgroei is, waarin daar van sodanige persone of eienaars vereis word om sodanige materiaal, voorwerp of ding weg te doen, te vernietig of te verwyder of om sodanige oorgroei ten genoë van die raad te verwyder binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing of binne die verdere tydperk wat die raad op skriftelike aansoek toestaan.
- (t) cause or permit any foul or polluted water or any foul liquid or objectionable material to run or flow from any premises owned or occupied by him, whether occupied for trade, business, manufacturing, dwelling or any other purposes, into any street or on any land;
- (u) commit or cause or permit to be committed any act which may pollute any water which inhabitants of the municipality have the right to use or which is provided or reserved for the use of such inhabitants;
- (v) bathe or wash himself or any animal or article or clothing or any other article or thing in any public stream, pool or water trough or at any public hydrant or fountain or at any place which has not been set aside by the council for any such purpose;
- (w) at any time of the day or night disturb the public peace in any street or public place by making unseemly noises or by shouting, insistent hooting, wrangling or quarrelling, or by collecting a crowd or by organising any demonstration or by fighting or challenging to fight, or by striking with or brandishing or using in a threatening manner any stick or other weapon, or by any other riotous violent or unseemly behaviour, or by loitering in any street or public place or by gathering in crowds on pavements;
- (x) advertise wares or services in any street or public place by means of any megaphone, loudspeaker, or similar device or by insistent shouting, striking of gongs, blowing of horns or ringing of bells in such manner as to constitute a public nuisance in the neighbourhood;
- (y) being in or upon any property or premises disturb peace in the neighbourhood of such premises by making therein or thereon any unseemly noises, or by shouting, wrangling, quarrelling and singing or by playing therein or thereon a musical instrument or use or permit to be used any musical instruments, radios, television sets or the like or any loudspeaker or other device for the reproduction or amplification of sound, in such a manner or at such a time or in such circumstances that the sound thereof is audible beyond the boundaries of such property or premises and materially interferes with the ordinary comfort, convenience, peace or quiet of the occupiers of surrounding properties.
- (z) in any street or public place use any abusive or threatening language or commit any act which may or is calculated to cause a breach of the peace;
- (za) solicit alms in any street or public place or endeavour by the exposure of wounds, sores, injuries or deformities or the production of begging letters to obtain alms; or
- (zb) cleanse or wash any vehicle or any offensive article or utensil in any street or public place.
3. (1) Where any material, article or thing of whatsoever nature has been accumulated, dumped, stored or deposited on any erf, or where there is an overgrowth of bush, weeds, grass or vegetation on any erf in contravention of section 2(a), (d) and (e) the council may serve a notice on—
- (a) the person directly or indirectly responsible for such accumulation, dumping, storing or depositing;
- (b) the owner of such material, article or thing, whether or not he is responsible for such accumulation, dumping, storage or depositing;
- (c) the owner of the erf on which such accumulation, dumping, storage or depositing takes place, whether or not he is responsible therefor, or
- (d) the owner of the erf on which there is an overgrowth of bush, weeds, grass or vegetation, requiring such persons or owners to dispose of, destroy or remove such material, article or thing or to clear such overgrowth to the satisfaction of the council within a period of fourteen days from the date of such notice or such further period as the council may, on written application, grant.

- (2) Indien enige persoon of eienaar in gebreke bly om binne die tydperk wat deur die raad bepaal is, aan die vereistes van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, kan die raad self sodanige materiaal, voorwerp of ding wegdoen, vernietig of verwyder of die oorgroei van enige erf verwyder op koste van enigeen of meer van die persone of eienaars in subartikel (1)(a), (b), (c) en (d) gemeld.(3)
- (3) Waar daar op enige erf 'n oortreding van artikel 2(f), (g), (h) en (t) plaasvind, kan die raad na goeddunke 'n kennisgewing aan of die eienaar of die okkuperder beteken om die oorlas te verwyder.
4. Iedereen wat met bouwerk, padbou of konstruksiewerk van enige aard besig is, moet, wanneer dit van hom vereis word, voldoende sanitêre geriewe vir hom en sy werknemers verskaf ten genoeg van en ooreenkomstig enige vereistes gestel deur die raad.
5. (1) Niemand mag sonder die toestemming van die raad 'n woonwa, tent of ander soortgelyke besutting van enige aard vir menslike bewoning okkuper of toelaat dat dit daarvoor geokkuper word nie, behalwe op 'n gemagtigde woonwa- of kampeertrein wat deur die raad beheer word of enige ander woonwa- of kampeertrein wat voldoen aan die bepalinge van die standaardverordeninge insake parke vir woonwaens en mobiele wonings afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 73 van 18 Februarie 1983; met dien verstande dat 'n woonwa, tent of besutting wat geparkeer of opgerig is op 'n private woonperseel waarop 'n woning met al die nodige was- en toiletgeriewe opgerig is, vir 'n tydperk van hoogstens 60 dae vir die tydelike huisvesting van besoekers gebruik kan word.
- (2) Die raad kan aan enige persoon wat 'n woonwa, tent of besutting in stryd met subartikel (1) okkuper, kennis gee om sodanige woonwa, tent of besutting binne 3 dae na die betekening van sodanige kennisgewing te ontruim, by gebreke waarvan sodanige persoon skuldig is aan 'n misdryf.
6. 'n Bouer wat besig is om 'n gebou op te rig of wat strukturele veranderinge of uitbreidings aan 'n gebou aanbring of wat herstel- of opknappingswerk aan 'n gebou doen en wat 'n opsigter of nagwag in diens neem in verband met bedoelde bou- of ander werk, mag nie toelaat of duld dat so 'n opsigter of nagwag in so 'n gebou of ander werk wat in aanbou is of opgeknop word, gehuisves word nie maar moet 'n tydelike struktuur op die bousterrein vir die huisvesting van so 'n opsigter of nagwag tot genoeg van die raad verskaf. Hoogstens een opsigter of nagwag mag deur genoemde persoon in verband met die werke hierin genoem, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die raad in diens geneem word. Voorts mag genoemde bouer, opsigter of nagwag nie tussen die ure van sononder en sonop toelaat of duld dat enige ander persoon of persone van genoemde tydelike struktuur gebruik maak of daarin slaap of byeenkom of sonder goeie rede op die terrein of perseel waar die bou- of ander werk uitgevoer word, gaan en/of daarop bly nie.
7. Die eienaar van elke perseel moet enige gebou of struktuur, of deel daarvan, verf, met kleurkalk bedek of andersins behoorlik opknop wanneer hy deur die raad daartoe gelas word.
8. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete soos voorgeskryf by artikel 189(23) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

P.K. 539/1998

25 September 1998

PADVERKEERSWET, 1989 (WET 29 VAN 1989):

KENNISGEWING VAN REGISTRASIE VAN
BESTUURDERSLISENSIE-TOETSSENTRUM

REGSTELLINGKENNISGEWING

